# SKOLEBEDIENING: Week van Gebed – Dag 4

**Benodighede**: Groot boks met "Verlore items" op en goed daarin wat kinders moontlik sal verloor. Muntstukke.

**Doel van les:** Bid vir verlorenes.

**Les (6 min):**

Het julle skool 'n lost and found? Ek is seker dit het. Ons mense verloor mos maar goed. (Haal lost and found boks uit) Dis darem die begin van die jaar so daar is nie baie in ons jeug se lost and found nie, maar soos die jaar aangaan sal dit vermeerder. Kom ons kyk wat is in hierdie boks.

- Skoene – Hoe het die persoon nie opgelet hulle is sonder hul skoene huistoe nie?
- Kosblik – Ek het altyd my kosblik by die skool iewers vergeet en toe het my ma maar begin om vir my in bruin papiersakke my kos te sit.
- Handskoene – Dis nou lekker warm so hulle gaan dit nie nou mis nie, maar wanneer winter kom gaan hulle dit mis.

Wie het al iets belangrik verloor? Die Bybel praat ook iets van mense wat belangrike goed verloor het. Daar was eendag 'n vrou wat tien silvermuntstukke gehad het en een het weggeraak. Sy het haar lamp aangesteek en die hele huis uitgevee en oral gesoek vir dit. Toe sy dit kry, was sy so bly dat sy vir almal vertel het dat dit weg was, maar dat sy dit nou gekry het.

Wat het dit met ons te doen? God is lief vir ons en wil nie hê dat iemand hel toe moet gaan nie. Lukas 15:10 sê: Ek sê vir julle: Net so is daar blydskap onder die engele van God oor een sondaar wat hom bekeer.

- **Tyd vir stil gebed (5 min)**: Net soos daar die vrou bly was oor haar munstuk wat sy gekry het, is God bly oor sondaars wat tot bekering gekom het en nie meer oppad is hel toe nie. Ons gaan nou bid vir die mense wat nie God ken nie en nog verlore is. Jy kan bid vir spesifieke mense of net oor die algemeen vir die mense in die wêreld.

- **Afsluiting (4 min):** Elkeen kan 'n "muntstuk" vat met Lukas 15:10 op om hulle te herinner om altyd vir verlorenes te bid.